

## Die wet en die verbond



---

### SABBATMIDDAG

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Exodus 19:6, Jesaja 56:7, Hebreërs 2:9, Deuteronomium 4:13, Deuteronomium 10:13, Amos 3:3, Génesis 18:19.

#### Geheeteks:

“Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooue onderhou, in duisend geslagte” (*Deuteronomium 7:9*).

**E**en van die belangrike frases in Psalm 23 sê aan ons waarheen God ons wil lei. Dawid verklaar in vers 3, “Hy lei my in die spore van geregtigheid om sy Naam ontwil” (ons kursiveer). Omdat Hy moreel opreg is, sal God ons nooit verkeerd lei nie. Hy sal ons veilig op ons geestelike pad deur ons lewe lei. Waarna verwys die veilige “spore van geregtigheid”? ‘n Srywer van een van die ander psalms beantwoord hierdie vraag in ‘n gebedsversoek: “Laat my wandel op die pad van u gebooue, want daarin het ek ‘n behae” (*Psalm 119:35*, ons kursiveer). “. . . want al u gebooue is geregtigheid” (*Psalm 119:172*). God se wet is ‘n veilige, koersvaste pad deur die gevaarlike moeras van menslike bestaan. Ons les fokus hierdie week op God se wet as deel van die Sinaiverbond.

**Hierdie week met een oogopslag:** Wat het Israel se verkiesing beteken? Hoe vergelyk Israel se verkiesing met elkeen van ons s’n? Hoe belangrik was die wet as deel van die verbond? Is die verbond onvoorwaardelik? Hoekom is gehoorsaamheid so ‘n integrale deel van die verbondsverhouding?

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 22 Mei.*

## Die verkiesing van Israel (*Deuteronómium 7:7*)

Volgens Joodse tradisie het God met Israel die verbond gesluit eers nadat dit deur ander nasies verwerp was. Hoewel daar egter geen ander bybelse bewys vir hulle standpunt is nie, help hierdie tradisie om te bevestig dat vir watter rede ook al die Here die Hebreuse nasie gekies het, dit nie was omdat hulle die hoë eer wat hulle ontvang het, en die voorreg wat die HERE aan hulle gegee het, verdien het nie. Hulle het geen verdienstelikheid van hulle eie gehad wat sou gemaak het dat hulle God se liefde vir hulle werd was nie, en dat dit hulle toegekom het om gekies te word nie. Hulle was maar net 'n paar mense, 'n groep stamme wat in slawerny was, en polities en militêr swak was. Boonop was hulle wat kultuur en godsdiens betref, 'n gemengde groep met 'n slap houding, en sonder baie invloed. Die ware rede vir Israel se verkiesing was dus in die verborgenheid van God se liefde en genade te vinde.

**Terselfdertyd moet ons egter versigtig wees wanneer ons hierdie verkiesingsgedagte in oënskou neem, want dit het die potensiaal vir teologiese wanbegrip. Waarvoor het God vir Israel gekies? Was dit om hulle te verlos terwyl al die ander mense gekies was om verwerp te word en verlore te gaan? Of was hulle gekies om aan die wêreld dit wat hulle aangebied was, oor te dra? Hoe help die volgende verse ons om die antwoorde op hierdie vrae te verstaan?**

**Exodus 19:6**

---

**Jesaja 56:7**

---

**Hebreërs 2:9**

---

As Sewendedag-Adventiste hou ons daarvan om onself as die moderne Israel te sien wat deur die Here geroep is om nie net alleen verlos te word nie, maar om die verlossingsboodskap aan die wêreld te verkondig deur middel van die Drie-Engele Boodsappe. Kortom, ons glo ons het iets om te sê wat niemand anders sê nie. Dit was ook dieselfde situasie met antieke Israel. Die doel van Israel se verkiesing was nie om die Hebreuse nasie in 'n eksklusiewe klub te verander nie, en die belofte van verlossing en redding net vir hulleself te hou nie. Intendeel, as ons glo dat Christus vir die hele mensdom gesterf het (*Hebreërs 2:9*), dan het die redding wat die Here Israel aangebied het ook die hele wêreld ingesluit. Israel was die draer deur wie hierdie redding bekendgestel moes word. Ons kerk is geroep om dieselfde te doen.

## Bande wat bind

“Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe” (*Deuteronómium 4:13*).

Hoe ons ook al beklemtoon dat die verbond altyd ‘n verbond van genade is - dat dit net die resultaat van onverdiende guns is wat God aan diegene bewys wat ‘n verhouding met Hom wil aanknoop om verlos te word - beteken dit nie dat jy dan ‘n lisensie het om ongehoorsaam te wees nie. Intendeel, verbond en wet hoort saam; die feit is dat die twee onafskeidbaar is.

**Hoe vas word die verbond en die wet aanmekaar verbind? Hoe toon dit hoe grondliggend die wet met die verbond verbind is?**

---

Wanneer jy die verbond oorpeins, maak dit sin dat die wet ‘n integrale deel van die wet vorm. As ons verstaan dat die verbond onder andere ‘n verhouding behels, dan moet daar soort van reëls en grense opgestel word. Hoe lank sou ‘n huwelik of ‘n vriendskap of ‘n besigheidsooreenkoms hou indien daar geen grense of reëls of spesifiek vasgestel, of vanselfsprekend aanvaar, was nie? Die man besluit om ‘n verhouding met ‘n ander vrou aan te knoop of die vriend besluit om geld uit die ander een se beurs te neem, of een besigheidsvennoot nooi ‘n ander persoon om by die vennootskap aan te sluit sonder om die eerste een daarvan in kennis te stel. Hierdie handelinge sou ‘n oortreding van die reëls, wette en beginsels wees. Hoe lank sou hierdie verhoudinge onder sulke wettelose omstandighede duur? Dit is hoekom daar grense, rigsgnoere en reëls vasgestel moet word. Die verhouding kan alleenlik sodoende gehandhaaf word. Om die waarheid te sê, word die verskillende uitdrukkings soos wet (*Psalms 78:10*), insettinge (*Psalms 50:16*), getuïenisse (*Psalms 25:10*), bevele (*Psalms 103:18*), en die woord van die Here (*Deuteronómium 33:9*) vergelykenderwys of baie nabyverwant (met amper dieselfde betekenis), met die woord verbond gekoppel. Dit is duidelik dat “die woorde van hierdie verbond” (*Jeremia 11:3, 6, 8*) die woorde van God se wet, insettinge, getuïenisse, en bevele is. Die verbond van God met sy volk Israel het verskillende vereistes wat uiters belangrik vir die instandhouding van die spesiale verhouding wat Hy met sy volk wou hê, bevat. Is dit vandag enigszins verskillend?

**Dink aan iemand met wie jy ‘n baie intieme verhouding het. Stel jou voor wat sou met julle verhouding gebeur indien jy nie deur enige reëls, norme of wette beperk sou word nie, maar sou glo dat jy heeltemal vry is om te doen wat jy graag wil doen. Selfs as jy sou sê dat jy lief is vir daardie persoon en dat jou liefde alleen sou bepaal hoe jy teenoor daardie persoon optree, hoekom is daar nog ‘n behoefte vir reëls? Bespreek dit.**

## Die wet as deel van die verbond (Deuteronomium 10:12, 13)

Waarom dink jy eerste wanneer jy aan die wet dink? Polisie, verkeerskaartjies, regters en die tronk? Of dink jy aan beperkings, reëls, gebiedende ouers en straf? Of miskien dink jy aan orde, harmonie, stabiliteit? Of dalk selfs . . . liefde? Die Hebreeuse woord tora wat as “wet” in ons Bybels vertaal is, beteken “om geleer te word” of “onderrig te word.” Die term kan gebruik word om na al God se instruksies, of dit moreel, siviël, sosiaal of godsdienstig is, te verwys. Dit omvat al die wyse raad wat God genadiglik aan sy volk gegee het, sodat hulle beide fisies en geestelik ’n oorvloedige lewe kan geniet. Geen wonder die psalmis kon die mens geseënd noem wie se “beheer in die wet van die HERE [is], en hy ... sy wet dag en nag [oordink]” (*Psalm 1:2*). Wanneer ons die wet of tora lees — die instruksies en leringe wat in die boeke van Moses opgeskryf is en wat deel van Israel se verbond geword het — word ons met die wye omvang van hierdie instruksies beïndruk. Die wet raak elke afdeling van Israel se lewenstyl — landbou, siviele regering, sosiale verhoudinge en aanbidding.

**Hoekom dink jy het God so baie instruksies aan Israel gegee? (Lees Deuteronomium 10:13.) Op watter maniere was hierdie instruksies vir hulle eie “beswil”?**

---

Die funksie van die “wet” in die verbond was om riglyne vir die nuwe lewe van die menselike verbondsvennoot te gee. Die wet stel die verbondsvennoot aan die wil van God voor, Hy wat jy ten volle leer ken deur te glo en deur aan sy wette en ander uitinge van sy wil gehoorsaam te wees. Die rol wat die wet in die daaglikse toepassing van die verbondsverhouding gespeel het, het getoon dat Israel nie die weg van die ander nasies kon volg nie. Hulle kon nie deur natuurlike neigings, menslike behoeftes, begeertes of selfs sosiale, politieke en ekonomiese behoeftes in hulle daaglikse lewe beheer word nie. Hulle kon net as God se heilige nasie, priesterlike koninkryk en eiendomsvolk deur beginselvaste gehoorsaamheid aan die geopenbaarde wil van die VerbondsGod op alle gebiede van hulle lewe funksioneer.

**Net soos antieke Israel het Sewendedag-Adventiste ’n wye omvang van raad met betrekking tot elke vlak van die Christelike lewe deur middel van ’n moderne openbaarmaking van die profetiese gawe ontvang. Hoekom behoort ons hierdie raad as ’n gawe van God te beskou in plaas daarvan om dit as nadelig met betrekking tot individuele denke en aksie, te sien? Terselfdertyd, watter gevare staar ons in die gesig deur daardie gawe in wettigheid te verander, soos wat die Israeliete met hulle gewes gedoen het? (Lees Romeine 9:32.)**

## Die stabiliteit van God se Wet

**Watter kernwaarheid oor God se karakter leer ons uit die teenwoordigheid van God se wet in die verbondsverhouding? Maleági 3:6, Jakobus 1:17.**

---

God se wet is 'n mondelinge of geskrewe uitdrukking van Sy wil (vergelyk Psalm 40:8). Omdat dit 'n afskrif van God se karakter is, verseker die teenwoordigheid daarvan in die verbond ons van die bestendigheid en vertroubaarheid van God. Alhoewel ons nie altyd die uitwerkings van sy voorsienigheid kan onderskei nie, weet ons dat Hy vertroubaar is. Sy heelal word deur onveranderlike morele en fisiese wette beheer. Dit is hierdie feit wat aan ons ware vryheid en sekuriteit gee. Die “versekering dat God betroubaar en vertroubaar is, berus op die waarheid dat Hy 'n God is wat volgens wet optree. Sy wil en sy wet vorm 'n eenheid. God sê dat reg is reg omdat dit die bes moontlike verhoudings tot gevolg het. Daarom is God se wet nooit arbitrêr of afhanklik van grille en nukke is nie. Dit is die mees stabiele ding in die heelal.” — Walter R. Beach, *Dimensions in Salvation* (Washington, D.C.: Review and Herald Publishing Association, 1963), bl. 143, (vry vertaal).

**As God se wet nie 'n persoon van sonde kan red nie, hoekom het Hy dit deel van die verbond gemaak? (Wenk: lees Amos 3:3.)**

---

'n Verhouding vereis dat die partye saamstem en eensgesind is. Omdat God nie net die Skepper van die wêreld is nie, maar ook die morele Goewerneur daarvan is, is die wet noodsaaklik vir die geluk van sy skepsels wat intelligente wesens is en wat eenstemmig saam met Hom wil leef. Sy wet, die uitdrukking van sy wil, is dus die grondwet van sy regering. Dit is vanself die norm of verpligting van die verbondsooreenkomste en -verhouding. Die doel daarvan is nie om te red nie, maar om ons plig teenoor God (gebooie 1–4) en ons plig teenoor ons medemens (gebooie 5–10) te definieer. Met ander woorde, dit verduidelik die tipe lewe wat God vir sy verbondskinders ontwerp het vir hulle geluk en welstand. Dit het voorkom dat Israel dit met een of ander filosofie oor hoe om te lewe, sou vervang het. Dit was en is die doel van die verbondsverhouding om die gelowige deur God se transformerende genade in harmonie met Sy wil en karakter te bring.

**Kyk rondom jou. Kan jy nie die vernietigende gevolge van wetteloosheid sien nie? Sels in jou eie lewe, kan jy nie enige skade sien omdat God se wet oortree was nie? Op watter maniere help hierdie werklikhede ons om die goedheid van God se wet te bevestig, en hoekom die wet 'n uiters belangrike deel van ons verhouding met Hom behoort te vorm?**

## As . . .

**Slaan die volgende verse na. Wat is die een punt wat hulle in gemeen het, en wat leer dit ons oor die eienskappe van die verbond?**

**Genésis 18:19**

---

**Genésis 26:4, 5**

---

**Exodus 19:5**

---

**Levítikus 26:3**

---

God bevestig openlik Abraham se getroue gehoorsaamheid aan “my gebooie, my insettinge, en my wette” (*Génésis 26:5*). Dit impliseer dat God so ‘n lewenstyl van sy menslike verbondsvennoot verwag het. Die hele verklaring van die bybelse verbond by Sinai maak dit baie duidelik dat die voorwaardes vir gehoorsaamheid een van die grondliggende aspekte van die verbond is. Exodus 19:5 sê dit duidelik, “As julle dan nou terdeë na my stem luister . . .”. Dat die verbond voorwaardes het, is onweerlegbaar; alhoewel dit deur genade plaasgevind het, hoewel onverdiend en as ‘n gawe aan hulle gegee was, was die verbondsbeloftes nie onvoorwaardelik nie. Die volk kon die gawe verwerp het, die genade nie aanvaar het nie en die beloftes verwerp het. Die verbond, net soos verlossing, ontken nooit die vrye wil nie.

Die Here dwing mense nie om ‘n verhouding met Hom aan te knoop sodat hulle verlos kan word nie; Hy dwing nie ‘n verbond op hulle af nie. Hy bied dit vrylik aan almal; almal word genooi om dit te aanvaar. Wanneer hy of sy dit aanvaar, volg daar verpligtinge, nie om daardeur die verbondseëninge te ontvang nie, maar as ‘n openlike openbaarmaking van die verbondseëninge. Israel behoort te gehoorsaam, nie om die beloftes te verdien nie, maar sodat die beloftes deur haar gehoorsaamheid nagekom kan word. Haar gehoorsaamheid was ‘n uitdrukking van hoe dit lyk om deur die Here geseën te word. Gehoorsaamheid verdien nie die seëninge nie omdat God verplig is om dit te skenk nie; gehoorsaamheid skep liever ‘n geloofsomgewing waardeur die seëninge openbaar gemaak kan word.

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Stryd,” bl. 607-608, in *Die Koning van die Eeue*; en “Die Wet en die Verbonde,” bl. 363–373, in *Patriarge en Profete*. Hoe help Mathéus 22:34–40 ons om (1) die plek en betekenis van God se wet in sy verbond, en (2) die konsep dat verbond en verhouding sinoniem met mekaar is, te verstaan? “Daar moet eers liefde in die hart wees voordat ‘n persoon, deur die krag en genade van Christus, kan begin om die voorskrifte van God se wet na te kom (cf. Romeine 8:3, 4). Gehoorsaamheid sonder liefde is net so onmoontlik as wat dit waardeloos is. Maar, waar liefde teenwoordig is, sal ‘n persoon vanself sy of haar lewe in harmonie met die wil van God wil bring soos wat dit in sy gebooië weergegee word.” — *The SDA Bible Commentary*, vol. 5, bl. 484, (vry vertaal). “In die voorskrifte van Sy heilige wet het God aan ons ‘n volmaakte lewensreël gegee; en Hy het verklaar dat hierdie wet tot aan die einde van die tyd in elke jota of titteltjie onveranderd sal bly en dat sy aansprake op die mensdom sal bly staan. Christus het gekom om die wet groot en eerbaar te maak. Hy het daarop gewys dat dit op die breë grondslag van liefde teenoor God en mens gegrond staan en dat gehoorsaamheid aan sy voorskrifte die hele plig van die mens is. In Sy eie lewe het Hy ‘n voorbeeld van gehoorsaamheid aan die wet van God gegee. In die Bergpredikasie het Hy daarop gewys dat die vereistes daarvan verder gaan as net uiterlike dade – dat dit ook die gedagtes en die bedoelinge van die hart raak.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 505.

## Vrae vir bespreking:

1. Hoekom word mense eerder deur liefde as deur vrees na God getrek?
2. Hoekom is die gebod “‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand’ ” (*Matthéus 22:37*) die eerste en grootste gebod?
3. Simone Weil het eenkeer geskryf, “ ‘Orde is die eerste behoefte van almal.’ ” (Quoted in Russell Kirk, *The Roots of American Order* [Washington, D.C.: Regnery Gateway, 1992], bl. 3), (vry vertaal). Hoe verstaan jy haar woorde in die konteks van hierdie week se les, veral met betrekking tot die opvatting oor wet?

**Opsomming:** God se wet was onafskeibaar van die verbond. Nogtans was dit waarlik ‘n verbond van genade. Genade maak egter nooit die behoefte vir die wet tot niet nie. Intendeel, die wet is die middel waardeur genade geopenbaar en uitgedruk word in die lewens van diegene wat genade ontvang het.